


VREEMDELEGIOEN VERHAAL

**Droster in
Algerië**

JOHAN NEL



DROSTER IN ALGERIE

deur

JOHAN NEL

Uitgegee deur:

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews

Strand

2021

Droster in Algerië

Die voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die eerste boek uitgawe, maar is effens aangepas.

Hierdie verhaal is die eerste uitgawe in e-boek formaat.

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

DROSTER IN ALGERIE
deur Johan Nel

ISBN 978-1-928498-60-5

Uitgegee deur:
Skatkis Boeke - Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2021)
Boek geredigeer deur Pieter Haasbroek
Aanlyn winkel: <https://panther-ebooks.com>
Webwerf: <https://www.softcoverbooks.co.za>

OPSOMMING

Tydens straat onluste in Beiroet word die tienjarige Ismael se ouers deur een van die fanatiese vegters wreed met 'n kromsabel doodgemaak. Hy aanskou dit alles vanuit 'n skuiling en sweer weerwraak op die man met een van sy voete wat heelwat korter is as die ander.

As jong man in die Israelse vloot sien hy een aand in 'n Noord-Afrikaanse stad, dieselfde man weer raak waarop hy sy wraak wil afkoel. Hy kry egter nie geleentheid om hom om die lewe te bring nie, maar hy sien egter dat die man nou in die Franse Vreemdelegioen is. Ismael dros uit die Israel se vloot en gaan sluit hom ook aan by die Franse Vreemdelegioen, in die hoop om die man daar raak te loop.

Tydens 'n operasie in Vietnam word Ismael deur skrapnel getref en beland hy in die hospitaal. Daar ontmoet hy die nooi van sy drome, maar sien terselfdertyd ook sy gehate vyand in 'n bed, 'n entjie van hom af. Weens sy seer been kan hy niks doen nie, maar die verpleegster help hom om meer uit te vind van sy gehate vyand.

Terug in die Vreemdelegioen word Ismael op 'n volgende sending gestuur, waar hy al sy makkers verloor en dan daag hy op by 'n ander afdeling van Legioensoldate. Daar kry hy uiteindelik sy kans na tien lang jare van soek, om sy wraak af te koel en die bloed van sy ouers te wreek. Weens sy drostery uit die Israelse vloot en Vreemdelegioen word hy kort daarna deur die regering gearresteer en moet 'n regter oor sy lot beslis.

UITTREKSEL

“Hulle begin met ’n nuwe aanval!” skreeu een van die manne. Honderde rebelle bars meteens uit die woud en loop die heuwel storm. Masjiengewere knetter aanhoudend. Die rebelle word golf op golf platgetrek, maar telkens bars ’n nuwe golf oor hul dooie makkers.

’n Paar mortiere bars tussen hulle en talle bly lê. ’n Klompie Legioenmanne wat laer af langs die rantjie stelling ingeneem het, word platgeloop. Ismael is stom van verbasing. Die eerste keer sedert hy by die Legioen aangesluit het, sien hy wat bedoel word as daar gesê word dat die Legioen nooit oorgee nie. Dit is net sterf of oorwin.

Hy beweeg terug tussen die klippe. Dan sien hy vir Schauer reg voor hom lê. Hy kan maklik sy rewolwer uittrek en Schauer van agter af doodskiet. Sy masjiengeweer verstil ’n oomblikkie. Hy trek sy rewolwer uit die skede. Versigtig stoot hy die loop oor die rots. In die visier sien hy Schauer se agterkop... Nou... Ismael se hand bewe en sweet pêrel op sy voorkop. Iemand klop hom op sy skouer. Ismael ruk behoorlik soos hy skrik.

DROSTER IN ALGERIE

ONHEILSDAG

Hoofstuk 1

Dit was doodstil in die hofsaal toe die jong man opstaan om te pleit. Hy het tydens die hele verhoor afgetrokke gesit en luister. Sy oë het helder gegloei soos een wat veel groter swaarkry ken as om in 'n hofsaal te sit en wag op jou vonnis. Hy het selfs partykeer stilweg geglimlag as een of ander offisier aan die regter verduidelik het presies hoe 'n ernstige oortreding dit is om uit die leër te dros. Veral as dit Israel se leër is. Die manskap was 'n matroos. Hy het die staat baie geld gekos. Die opleiding van matrose is duur en hy het gedros. 'n Onvergeeflike stap wat net nie goed gepraat kan word nie.

Toe het die jongman opgestaan en hy het sy oë rustig deur die hof laat gly. Na die regter, na die offisiere en na die groepie belangstellende matrose wat saam met hom op die Ararat gewerk het voordat hy verdwyn het. Die stilte in die hofsaal het skielik elektries-gespanne geword. Hier was iemand wat werklik iets wil sê.

“Edelagbare, ek wil nie pleit nie. Ek wil nie sê ek is onskuldig nie. Ek erken dit is verkeerd om te dros, maar ek wil graag vertel waarom ek gedros het. Miskien sal u dan beter verstaan.”

Die regter het afgagtend vorentoe geleun. Hy ken al 'n man wat werklik iets in die hof wil sê.

Hy kyk na die jongman hier voor hom. Die bleek jongman met die ernstige gesig waaroor ontberings diep spore gekerf het. Sy verhaal is 'n lang verhaal. Die jongman praat met vuur. Hy glo wat hy gedoen het is geregverdig in die lig van...

Sy verhaal gryp die aanwesiges vinnig aan. Hy voer hulle weg na 'n stil somernag langs die melkwystrand van Oran aan die Algerynse kus...

In die hawestad Oran aan die Noord-Afrikaanse kus het 'n broeiende stilte neergedaal. Die son sak traag weg agter die onrustige deinende golwe van die Middellandse See. Vragsepe wieg eensaam op die golwe tussen hyskrane wat soos swyende wagers die lug intoring.

Langs die hawe, waar gulsige branderpunte 'n lang, wit sandlint streel, stap drie jong matrose van die Israelse vloot. Skuins voor hulle begin die liggies van Oran lonk. Daar is afleiding vir 'n jong matroos in Oran. Die nagklubs met hul eg Noord-Afrikaanse atmosfeer, die jong gesluisde meisies wat met lokkende kurwes in die newelige ligte rond

glim... Die drie versnel hul pas.

Meteens steek een van die matrose vas. Sy oë gly oor die sand voor hom en sy gesig verstrak.

“Kom Ismael, dit word laat, die plekke loop vol!” Een van sy maats trek hom aan sy mou.

Maar die jong matroos staan doodstil. Hy tuur stip oor die wit sand. Hy buk en bekyk die spore voor hom aandagtig. Dan kyk hy weer op. Daar is ’n vreemde flikkering in sy oë.

“Gaan julle maar, ek sal later kom.”

“Maar Ismael, wat skeel tog nou weer?”

“Julle sal nie verstaan nie, maar vanaand het ek iets gevind waarna ek al die afgelope tien jaar lank soek!” Sy vinger gly oor die grond.

“Hierdie spoor, hierdie spoor is getrap deur die voet van die man wat my ouers in Beiroet vermoor het. Gaan gerus voort my vriende, ek het werk om te doen in Oran...” Die twee matrose stap traag weg van die jong matroos met die vreemde lig in sy smeulende blou oë...

Soos ’n bloedhond sny hy spoor in die geheimsinnige skemerlig. Sy pas versnel en hy beur laag vooroor. Die spoor wat hy volg slinger doelloos deur die sand. Die jongman se asem jaag koorsagtig. Daar is nou geen twyfel, sy soektog loop vanaand ten einde. Die man wat hierdie spoor, kort linkervoet en regter voet van normale grote, gelaat het, is die man na wie hy nou al tien jaar soek.

Die spoor swenk in die rigting van die stad. Die jong matroos kyk op. Voor hom stap twee soldate van die Franse Vreemdelegioen. Hul wit broeke, pette met ’n wit seil agter om die skroeiende Saharason uit jou nek te hou en blou-en-rooi baadjies steek helder af teen die skemerlig. Ismael hou hulle fyn dop. Die een stap effens mank. Hy stap vinniger. Honderd treë agter hulle gaan steek hy vas. Een van daardie soldate is die man na wie hy al tien jaar soek...

’n Huurmotor rammel in die straat bokant die strand verby.

“Haai!” Die soldate wuif met hul pette. Die huurmotor skuur tot stilstand. Haastig glip die twee soldate in die motor. ’n Gebrul en gerammel volg en dan staan die jong matroos verlate op die strand.

* * *

Met groot nikssiende oë kyk Ismael teen die donker dak van die slaapkwartiere van die torpedo-jaer Ararat vas. Hy probeer al die afgelope drie uur om te slaap.

Telkens as die slaap aan sy ooglede begin rem, fladder sy gedagtes wild terug na 'n onstuimige verlede. Hy sien 'n skare mense in 'n smal agterstraatjie saamgedrom. Hy is weer die groot-oog seuntjie van tien jaar oud wat skugter agter 'n ingevalle muurtjie staan. Die skare mense voor hom maal onrustig en beduie driftig met hul hande. Hy ervaar weer die koue, verlamme vrees wat hom laat klappertand en sy bene laat swik het.

'n Ander groep mense het meteens om die hoek verskyn. Hulle het vasgesteek toe hulle die groep voor hulle sien. Dreigemente is oor en weer geslinger. Later het klippe oor die straat begin gons. Die groepe het dreigend nader aan mekaar gekom. En toe, met luide gille het mans, vrouens en kinders begin baklei. Jong kinders het geval en is deur haastige, aanstormende grootmensvoete vertrap. Bloed het gou plassies op die plavestrate gevorm. Die hordes het aangesterk aan beide kante. 'n Aaklige straatgeveg het in die agterstrate van Beiroet losgebars. 'n Geveg waarin rasend, verhongerde gepeupel op mekaar toesak met redelose moordlus in hul oë.

En toe die stryd op sy bloedigste was, het iets gebeur wat 'n onuitwisbare merk gelaat het op die jong seuntjie wat met verskrikte oë agter die muurtjie geskuil het. Ou Ismael, die tentmaker en sy vrou Bekka, het van hul besigheidjie teruggestap na hul huisie. Langs kronkelpaadjies het die gryse ou paar gesluip om die verwoede vegtendes te probeer ontduik. Tien tree van hul huisie af, tien tree van die muurtjie waaragter hul verskrikte, enigste seuntjie geskuif het, het 'n lang, bloedbesmeerde, fanatiese vegter die sluipende paar gewaar.

“Haai!” het hy geskreeu. “Een van die honde wat wil weghardloop nê?” Hy het wild met moordlus in sy oë gestorm. Bekka het geskreeu en ou Ismael het haar na die huisie gesleep-dra. Met sy sabel dreigend bo sy kop het die vegter aangestorm. Toe die verskrikte ou egpaar met naakte vrees in hul oë die trappe op strompel, het die sabel teen die son geflits. Die seuntjie agter die muur het gegil. Sy oë het verstar. Met 'n triomfantelike gil het die vegter die straat afgestorm op soek na nog meer bloed. In die deur het die twee ou mense doodstil bly lê. Bloedstroompies het patroontjies langs die verweerde trap af gevorm. Ismael, wat tien jaar oud was, was skielik alleen in die wêreld.

Hy het nader gesluip, baie stadig en baie bang. Langs sy vader, waarom hy juis dit dadelik moes opmerk bly vir hom 'n raaisel, het die spoor

van die fanatikus gelê. Dit was 'n snaakse spoor. Die een voet was lank en die ander voet was kort, baie kort.

'n Dun straaltjie bloed het opgedam in die merk wat die kort voet in die stowwerige paadjie gemaak het. Ismael het gesug en omgedraai. Sy skouers het geruk van die snikke, maar sy hart was koud.

* * *

Ismael kyk op sy horlosie. Dit is al twee uur in die oggend. Hy sal nou moet probeer slaap. Die Ararat vertrek binne enkele ure uit die hawe en daar sal dan baie werk wees. Hulle sal netnou uit die vere gejaag word. Maar die vertwyfeling bly knaag aan hom. Hy is seker hy was vandag baie na aan die moordenaar van sy ouers. Waarom moet hy hom nou laat gaan? Wat van die eed wat hy geneem het? Moet hy nie maar van die skip dros en sy soektog voortsit nie.

Lank lê hy en worstel met die probleem. Dan swaai hy sy bene van die slaapbank af. Vasbeslote stap hy na die sak waarin sy persoonlike besittings weggepak is. Hy staan 'n oomblikkie nadenkend by die sak. Dan knoop hy dit weer toe en stoot dit terug in die kas. Hy pluk 'n ou verslete broek en hemp uit die kas en trek dit haastig aan. Dan sluip hy versigtig uit die slaapkwartiere.

Buite op die dek is dit doodstil. 'n Hyskraan toring hoog oor die Ararat. Ismael staan lank speurend in die skaduwee van die kaptein se brug. Op die voorpunt van die skip, aan die bakboord kant, sien hy die donker silhoeët van die wag. Hy beweeg versigtig na die agterstewe van die boot.

Voor hom strek 'n dik kabel na die hawekant. Hy weet hoe daardie kabel lyk. Swart en vetterig van olie. Hy sal soos 'n teertou lyk as hy op die hawekant kom. Maar nou is dit die enigste uitweg.

Hy pluk sy skoene uit en bind dit om sy nek vas. Dan klim hy so stil soos 'n kat oor die kant van die skip. Hy kry die kabel in die hande. Versigtig sak hy af tot hy aan die kabel hang, swaai sy voete op en slaan hulle ook oor die kabel. Duim vir duim beweeg hy langs die kabel af. Soos 'n reuse vlermuis beweeg hy na die vaste aarde. Ver onderkant hom klots die water onrustig. Die nag is swart om hom.

Na 'n paar minute staan Ismael op die kaai. Hy begin dadelik aanstap. Buitekant die hawehekke kyk hy om. Hy glimlag in die nag. Dit was maklik. Baie maklik! Die Ararat lê bonkig en donker op die agtergrond. Hy adem die koel seelug in.

Hy is nie meer 'n matroos in diens van die Israelse vloot nie! Hy is nou 'n vrye vlugteling. Dan verstrak sy gesig. Dis nie om dowe neute dat hy 'n vlugteling is nie. In die Franse Vreemdelegioen is daar 'n man, 'n groot, bonkige man met 'n gebrekklike voet. Daardie voet trap 'n spoor wat onuitwisbaar gefotografeer is in Ismael se brein.

Hy stap deur die stil verlate strate van Oran. Voor hom staan 'n ry huurmotors. Die bestuurders slaap snorkend met oophangende monde. Hy klop een op sy skouer. Die man spring vervaard orent.

“Neem my na die hoofkwartier van die Legioen in Sidi-Bel Abbis.”

“Dis twintig myl...” waarsku die bestuurder. Sy oë meet Ismael asof hy twyfel of hy sal kan betaal.

Ismael onderdruk 'n glimlag. Hy het skoon vergeet hoe die kabel hom besmeer het. Nou in die halflig kan hy sien waarom die bestuurder twyfel. Hy is van kop tot tone oortrek met pikswart olie-strepe.

“Neem my eers na 'n plek waar ek my kan skoonmaak en skoon klere kan kry?”

“Die tyd van die nag?” Die huurmotor bestuurder is klaarblyklik baie traag om van sy slapie af te sien.

“Nou ja, hier is seker ander manne wat 'n bietjie geld sal wil maak.”

Ismael begin aanstap na die volgende huurmotor.

“Wag,” sê die bestuurder. Hy maak die motordeur oop.

'n Uur later snor die motor deur die berge anderkant Oran. Die pad is breed en swart geteer. Dit vleg die binneland in. Ismael kyk na die berge om hulle. Dis die laaste keer in 'n lang tyd dat hy die wêreld as 'n vry man sal kan betrag. In die Legioen is daar nie tyd en plek om rond te kyk nie, net veg.

Met koue oë kyk hy weer na die pad. Net veg! Veg in jou eie oorlog. Veg in die oorlog teen diegene wat die Legioen as vyande beskou.

Maar dis veral aan sy eie oorlog dat Ismael nou dink. Sy hande word vuiste. Daardie skewe spoor gaan nooit weer 'n merk op die sand laat nie...

DIE ONTKOMING

Hoofstuk 2

Die son het net sy kop agter die berge uitgelig toe die huurmotor voor die hoofkwartier van die Legioen in Sidi-Bel Abbis stilhou. Die eerste sonstrale glim op die wapperende voue van die Franse vlag hoog bokant die groot fort. Agter die grys mure blaf die offisiere kortaf bevele.

'n Wag stap met swaar, afgemete tree voor die somber gebou op en af. Op sy skouer rus 'n swaar geweer. Bo-op die mure marsjeer meer wagt. Blink geweerlope glinster onheilspellend in die son.

Ismael stap na die wag. Koue oë som hom op, oë wat 'n koue rilling langs Ismael se bors laat afrol.

Sy oë kyk vas in die van die wag.

“Waar is die kantoor waar ek my kan aanmeld. Ek wil aansluit.”

Die wag beduie met sy kop. Ismael voel koue sweet loop agter teen sy rug. Hulle stap deur die groot hekke. Ismael kyk oor sy skouer. Die berge is nog toegevou in 'n purperwaas. Die lug is diepblou. 'n Groen boompie steek fel af teen die blink-wit kalkgrond.

Hy spring uit die pad van 'n aansnorrende militêre voertuig. Hulle stap oor die binneplaas van die fort, klim 'n paar verweerde trappies uit en stap 'n groot, netjiese kantoor binne.

Die werwingsoffisier is kort en saaklik. Jare van ondervinding het hom al geleer om nie baie vrae te vra nie. Die meeste van die manne wat by die Legioen aansluit, is manne wat van die buitewêreld af vlug. Hier is hier hulle minstens vyf jaar lank veilig afgesluit van agtervolgers of van hul gewete. In die Legioen moet 'n man bereid wees om hard te werk daarvoor.

Ismael vul die nodige vorms in. Hy word na die kwartiermeester gestuur. 'n Kraaknuwe uniform, die trots van elke Legionnaire, word aan hom oorhandig. Ook 'n spierwit broek, blou-en-rooi-baadjie, 'n pet met 'n melkwit seil agter om die son uit te hou, 'n nuwe geweer en sterk stewels.

Binne twee uur nadat die hekke van die fort in Sidi-Bel Abbis agter hom toegeklap het, bevind hy hom tussen ander jong rekrute. 'n Klein mannetjie met sluwe ogies is die sersant-majoor van die eenheid. Met 'n naaldskerp stem jaag hy die jong, onervare rekrute rond. Laat hulle teen toringhoë stellasies uitklouter of honderde treë ver onder 'n plat doringdraad versperring deurkruip.

Ismael vind die opleidingswerk maklik. Vir 'n soldaat wat in die Israelse leër opgelei is, is selfs die strawwe opleiding van die Vreemdelegioen grappies.

Na 'n week ken hy al 'n paar van die rekrute. Daar is Demitri, die Rus. Braun is 'n groot Duitser met 'n boewegesig. Dit is baie duidelik waarom hy na die Legioen gevlug het. Ismael voel veral aangetrokke tot Jack Sparrow, 'n lang lenige Engelsman met rustige oë.

Sparrow slaap in die bank net bokant Ismael. Hoewel Ismael se Engels bra gebrekkig is, gesels hy en Sparrow dikwels. Sparrow is 'n stil, geslote man en Ismael wonder dikwels waarom hy by die Legioen aangesluit het.

Die opleiding duur slegs ses maande. Dit is ses harde maande. Die nuwe manne is almal skraal, seningtaai, bruingebrande soldate na die opleiding. Hulle weet hoe om te storm, hoe om met enige denkbare vuurwapen te skiet en hoe om vir myle deur berge en duine te marsjeer sonder om uit te sak.

En altyd word dit by hulle ingeskerp dat hulle die volgende vyf jaar aan geen land behoort nie. Hulle is lede van die Franse Vreemdelegioen. 'n Leër wat uniek is. Hulle veg wel onder die Franse vierkleur. Hulle beveg wel die vyande van Frankryk, maar hulle sing nie die Franse volkslied nie. Hulle sterf nie vir Frankryk nie. Hulle sterf vir die Legioen. En as hulle in die kokende woestynsand lê en die bloed pols uit 'n gapende wond, dan bid hulle nie in Frans nie. Dan bid hulle in bykans elke taal wat op hierdie aarde gepraat word.

En as die dood begin om hul gedagtes te vertroebel, dan dink hulle nie aan die huisie in die groen heuwels van Frankryk nie. Maar hulle dink aan 'n meisie wat met blink oë oor die Teems uitstaar of 'n verskrompelde moedertjie wat oor die hobbelrige straatjies van Brussel aansukkel. En die hordes glimlag bly as die dood hulle in die sandduine van die Sahara vasgryp. Hulle is bly dat dit nie in 'n gaskamer in New York gebeur het nie of dat dit nie 'n galgtou in Rio de Janeiro is wat om hul nekke gryp nie, maar slegs 'n vyandige koeël wat deur die bors gesny en die lewensdraad afgeruk het.

In die stil Noord-Afrikaanse nagte, as sy nuwe makkers rustig om hom lê en snork, lê Ismael lank wakker. Hy het nie om dowe neutte by die Legioen aangesluit nie. Hy het 'n taak om te verrig. 'n Lewenstaak. Die bloed van sy ouers roep om wraak.

Hy het met morbiede belangstelling elke manskap in die hoofkwartier deurgekyk. Behalwe die rekrute is daar die administratiewe offisiere. Dit is 'n moeilike jaar. Onluste bars dwarsdeur Algerië uit. In Viëtnam veg Frankryk 'n verbete stryd. Elke beskikbare manskap is op die slagveld. Hier is slegs rekrute en offisiere wat om een of ander rede nie kan veg nie. Hulle doen die administratiewe werk.

Elke veertien dae kom 'n eenheid van die front af na Oran om uit te rus. Dit is nou reeds vyf maande nadat hy aangesluit het. Ismael weet teen die tyd dat die man na wie hy soek nie in Sidi-Bel Abbis is nie. Hy was skynbaar slegs een van die manne wat in Oran kom rus het. Op die oomblik is hy miskien weer op die gevegsfront.

Dit was na baie gesukkel en versigtige vrae dat Ismael van 'n offisier gehoor het watter eenheid in Oran was toe die Ararat daar vasgemeer het. Dit was die sesde eenheid. 'n Groep geharde soldate wat die Algerynse rebelle in die berge bokant Algiers in toom moet hou.

Ismael se moed het dadelik gesak. Om by die sesde eenheid aan te sluit is 'n saak van onmoontlikheid. Jy moet minstens vyf jaar lank vir die Legioen veg en onverskrokke veg as jy een van die uitverkore vegters wil word.

Dit sal dus vyf jaar... Ismael sit meteens regop in sy bank. Nee, dit sal nie werk nie. Hy was 'n gek om te dink dat hy die man sal vind deur by die Legioen aan te sluit.

Tot laat die nag het hy nog wakker gelê. Vertwyfeling verskeur hom. Hy besef hoe ontsettend moeilik sy selfopgelegde taak werklik is.

Een oggend, 'n maand later, is daar groot doenigheid in die fort. Die nuwe rekrute het die naweek af gekry om in Oran te gaan rus voordat hulle na die veg-eenhede uitgeplaas word.

Die ligte in die nagklub flonker vriendelik. Op die verhoog tol 'n meisie wild in die rondte. Die groep jong soldate staar in ekstase na die slanke, swaaiende kurwes. Sagte Oosterse musiek klink klaend uit die agtergrond.

Oudergewoonte laat Ismael sy oë stelselmatig oor die aanwesiges gly, op soek na die man met die skewe spoor. Die vertrek is in skemerlig gehul. Dan word hy yskoud. Geen twee tafels van hom af nie, half verskuil agter 'n palmboom, sit een van die offisiere van die Ararat.

Sy gedagtes maal verward. Hy sit lamgeslaan. As hy nou opstaan, sal die offisier hom onmiddellik in hegtenis neem. Hy probeer so kalm

moontlik lyk.

Hy steek 'n sigaret aan en laat sy oë verder oor die soldate om hom gly. Hier en daar sien hy nog meer bekende gesigte. Hy was 'n gek! Hy het nooit aan die moontlikheid gedink dat die Ararat weer in Oran kan aandoen nie. Voor sy geestesoog sien hy al hoe die offisier sy hand op sy skouer lê. Hy sien die hofsitting wat gaan volg. Hy sal baie jare in die tronk sit. Wat word dan van die eed wat hy geneem het. Die man met die gebrekklike voet kan dalk teen die tyd dat hy vrygelaat word al uit die Legioen wees. Hoe gaan hy die lang ure in die tronk omkry terwyl die wraak aan hom knaag.

Ismael kyk na die paar Legioensoldate om hom. Sparrow sit langs hom. By die tafeltjie langs hulle sit Demitri met 'n meisie en gesels. 'n Amerikaner, Holden, sit ook aan die tafeltjie. Hy wonder of die manne hom uit die penarie sal kan help.

Ses maande lank het hulle saam gesweet, maar of ware kameraderie in die tyd tussen hulle gevorm is, is nog nooit bewys nie.

Hy leun oor na Sparrow.

“Jack, ek is in die moeilikheid.”

Sparrow, wat 'n glas cognac teen sy lippe hou kyk met kalm oë na Ismael.

“Moeilikheid?” Hy kyk oor sy skouer. “Daar is die deur...”

Ismael glimlag.

“Nee jou gek! Die Israelse leër soek na my, ek het gedros.” Hy kyk na Jack se gesig. Die is gespanne, maar hy luister aandagtig.

“Reg agter ons sit een van my vorige offisiere. Ek meen hy het my dalk herken.”

“Is daar nog ander offisiere ook in die plek?” Sparrow praat gedemp.

“Ja, ek het nog drie gesien.”

“Kyk weer.”

Ismael kyk versigtig oor sy skouer. Hy tuur deur die skemering. Dan sien hy dat nog 'n offisier na hom sit en kyk. Die offisier staan op. Hy sien dat nog iemand agter die palmboompie opstaan. Nog een. Vier offisiere kom na hom aangestap.

“Hier kom hulle nou,” sê hy benoud.

“Sit doodstil,” mompel Sparrow. Hy leun oor en sê iets aan die Rus. Die Rus knik en sê iets aan die Amerikaner.

'n Hand lê meteens stewig op Ismael se skouer.